Potchefstroom
Volle Evangelie Kerk Full Gospel Church

018 782 8100 admin@vekpotch.co.za www.vekpotch.co.za

VEK/FGC Potchefstroom vek potchefstroom 072 575 1081

**Aansoek om deur Volle Evangelie Kerk Leraar in die eg verbind te word.**

*Baie geluk en dankie dat julle dit oorweeg om hierdie spesiale verbintenis deur ons te laat hanteer.*

Dit is ons voorreg om deel te hê aan julle spesiale dag, daarom wil ons die volgende ter voorbereiding aan julle kommunikeer.
Na die voltooiing van die nodige inligting kan dit aan pastoorquintus@gmail.com gestuur word, of by die kantoor ingehandig word. Ons nodig so gou as moontlik die ingevulde vorm voordat daar navraag gedoen kan word of Leraar beskikbaar is.
Die Leraar sal graag met julle as paartjie wil ontmoet en die seremonie bespreek, hierdie gesprek moet ten minste drie weke voor julle huweliksdatum plaasvind. Ons wil julle graag akkommodeer ten opsigte van keuse van 'n leraar, sou dit nie moontlik wees vir die betrokke leraar nie, sal ons graag 'n toewysing wil maak met gedagte van beskikbaarheid.

**Wettige aspekte: (Jy kan seker maak van jou huwelikstatus) –**
**http://www.home-affairs.gov.za/status/marital_status.asp**

Tydens die seremonie word 'n huweliksertifikaat uitgereik wat sal dien as julle wettige dokument van voltrekking van die huwelik en dat julle wettiglik getroud is. Ingesluit by die administrasie proses is die inhandiging van 2 afskrifte van die register wat voltooi is, by Binnelandse Sake, terwyl 'n derde op ons rekords gehou word. Ongelukkig is dit sover ons verantwoordelikheid met registrasie strek, die fisiese registrasie en oplaai van inligting is die verantwoordelikheid van Binnelandse Sake, 'n proses wat tot 3 maande kan neem. Julle huidige identiteitsdokumente is geldig tot vervanging of verval daarvan.
As 'n nie Suid Afrikaanse landsburger kan U aansoek doen vir 'n "Unabridged Marriage Certificate" by enige Binnelandse Sake kantoor. Ons word by regte nie toegelaat om vir hierdie dokument namens julle aansoek te doen nie.

## Dokumentasie:

1. As enige party geskei is, moet 'n afskrif van die finale egskeidings bevel voorsien word, die afskrif moet asseblief gewaarmerk wees en moet 'n offisiële hof stempel op hê, 'n *stempel van die Hooggeregshof*.

*Baie belangrik!!! Bevestig asseblief eers dat jou egskeiding geregistreer is by Binnelandse Sake voordat ons die proses kan volg!! NB!!!!*

2. Sou enige party 'n weduwee / 'n wewenaar wees moet 'n afskrif van die doodsertifikaat voorsien word.

3. Sou enige party nie Suid Afrikaanse burgerskap hê nie, is 'n afskrif van hulle Paspoort EN 'n afskrif van 'n wettige Residensiële-Permit / Visa nodig en 'n Vorm **BI-31 (wat ons sal voorsien)** moet ingevul word.

4. Sou enige party nie 'n Wettige Suid Afrikaanse Groen Identiteitsdokument hê nie, moet 'n **BI-31 (wat ons sal voorsien)** ingevul word,n http://home-affairs.pwv.gov.za/forms.asp

5. Sou enige party onder die ouderdom van 21 wees, word 'n Vorm **BI 32A voltooi (wat ons sal voorsien).**

6. Sou die Bruid jonger as 15 wees, en die Bruidegom jonger as 18, moet toestemming tot die toetrede tot die huwelik verkry word vanaf die Kommissaris vir Kinder Welsyn.

Potchefstroom
Volle Evangelie Kerk Full Gospel Church
018 782 8100 admin@vekpotch.co.za www.vekpotch.co.za
VEK/FGC Potchefstroom vek potchefstroom 072 575 1081

**Belangrike dokumentasie benodig: Bring die dokumentasie saam wanneer daar met die betrokke leraar ontmoet word.**

1. Voorgenoemde dokumente – waar nodig.
2. Gesertifiseerde afskrifte van die Bruid en Bruidegom se Identiteitsdokumente (ID's).
3. I.D. foto's van Bruid en Bruidegom (3 Kleur)
4. Twee getuies se ID's. Julle gaan twee getuies ouer as 16 benodig om die register te voltooi, asook kontak nommers vir hulle. (Gesertifiseer )
5. 'n Brief vanaf julle prokureurs dat daar 'n voorhuwelikse kontrak opgestel is, indien van toepassing is.
6. 'n Padkaart met aanwysings na die "Venue" waar die troue gaan plaasvind.
7. Die gepaardgaande ingevulde "Inligting t.o.v. voorgenome huweliksvorm" wanneer met julle leraar ontmoet word.

## Kostes:

Die volgende riglyne moet gehandhaaf word:

'n Administrasie fooi van **R2000.00** word gevra, die bo vermelde bedrag sluit die volgende in:

✔ 'n Voorhuwelikse kursus soos bepaal deur die leraar ✔ 'n Voorhuwelikse afspraak met die betrokke leraar,

✔ Hantering van die voorafgaande boodskap en seremonie voor die huweliksbevestiging


✔ Inhandiging van Registrasie vorms (DHA-30) van die huwelik by die Departement van Binnelands Sake na die huwelik bevestig is.

○ Reis kostes sal gehef word wanneer die huweliksbevestiging verder as 'n 30km radius van Die Volle Evangelie kerk Potchefstroom se kantore is, dus is die eerste 30 kilometer ingesluit in die **R2000.00** waarna 'n R3.00 per kilometer reiskoste gehef sal word.

***NB: Deposito's en Betalings is nie terugbetaalbaar as die bespreking gekanselleer word nie.***
***Bank besonderhede:***
*Q.Groenewald*
*Capitec*
*Rek 128 556 4578*

**NB: Bank Verwysing: Julle Troue, Van & DATUM VAN DIE HUWELIK bv.: Troue Smit31122015**

## Groete en Sterkte met jul reelings!

Pastoor Quintus Groenewald 

Potchefstroom
Volle Evangelie Kerk Full Gospel Church
018 782 8100 admin@vekpotch.co.za www.vekpotch.co.za
VEK/FGC Potchefstroom vek potchefstroom 072 575 1081

# Inligting t.o.v. Voorgenome Huweliksvorm Persoonlike inligting

| Besonderhede | Bruidegom | Bruid |
|---|---|---|
| Van: | | |
| Nooiensvan: | | |
| Volle Name: | | |

| | | |
|---|---|---|
| Noemnaam: | | |
| ID Nommer: | | |
| Plek van Geboorte: | | |
| Hoogste Kwalifikasie: | | |
| Huidige Werk: | | |
| Woon adres na die troue: | | |

| | | |
|---|---|---|
| Kontak nommer: | | |
| Epos adres: | | |
| Voorheen getroud: | | |
| Huweliks kontrak: | | |
| Bruid se van Na troue: | | |
| Meer omtrent die troue: | | |

| | |
|---|---|
| Trouvenue: | |
| Datum: | |
| Tyd: | |

| Getuienis vir Huwelik | (Vir die Man) | (Vir die Vrou) |
|---|---|---|
| Volle Name: | | |
| | | |
| Van: | | |
| ID van Getuienis: | | |
| Kontak nommer: | | |